# 388. O, DIE TAFEL IS NOU KLAAR (KOM SIT AAN)

```
              G                             C
1.        O, die tafel is nou klaar Yahweh's kinders saam vergaar
                  D                              G
          en Hy roep Sy uitverkoor'nes "Kom sit aan!"
           G                                         C
          Met Sy manna sal Hy voed, Hy voorsien in owervloed.
              D                                    G     C      G
          O, hoe goed om aan te sit met Hom nou saam.

                          D                                 G
Refrein:         Kom sit aan, die Meester roep jou, kom sit aan (o, kom sit aan)!
                           C            A                 D
                 Ons kan feesvier met Yahshua nou voortaan (van nou af aan)!
                          G                               C               Am
                 Hy kon skares voed met brood, Hy kon water maak tot wyn,
                           D                              G
                 nou roep Hy die honger siele: "Kom sit aan!"

              G                              C
2.        Sy dissipels het gekom toe Hy hulle roep na Hom
                   D                              G
          met die woorde: "Kom na My, en kom sit aan."
           G                                              C
          Hul begeerte was klaar daar, brood en vis was heerlik gaar,
              D                                  G    C     G
          so roep Hy die honger siele: "Kom sit aan!"

              G                                    C
3.        As die Lam Sy bruid kom haal na die ewig' bruilofsaal,
                  D                            G
          sal die grote skare almal rondom staan.
           G                                      C
          O, hoe heerlik sal dit wees om gereinig by die fees
              D                                     G     C      G
          saam met Hom, die Bruidegom, daar in te gaan!
```